Rustenburg Gemeenskapskerk
Posbus/PO Box 20146
Proteapark
0305
Cell:066 270 3086
E-mail: esta1@vodamail.co.za

Weeklikse Brood vir **2 – 8 Augustus 2020**
**Negende** week in **Koninkrykstyd**

Skriflesing vir die week: **Genesis 32: 22-31**
*Skriflesing vir volgende week: Genesis 37: 1-4, 12-28*

**Sondag – *Ingenooi in God se rus en tyd***

- ✓ Raak 'n oomblik stil. Dink aan die liefde en genade wat God daagliks oor jou uitstort. God is besig om jou te vorm om sy tempel te wees.

Lees ***Genesis 32: 22-31***.

- ✓ Jakob is op weg om Esau te ontmoet, maar verwag eintlik om Esau as sy vyand te ontmoet. By hulle laaste ontmoeting het Jakob die seën wat vir Esau bedoel was, met 'n slenter gesteel. Jakob stuur sy familie en besittings vooruit en bly alleen agter. In hierdie oomblik van alleenheid in die donker sal Jakob God se beskerming benodig, maar ontvang dit oënskynlik nie, ten minste nie in die algemene betekenis van beskerming nie.
- ✓ Die teks verhul met opset die identiteit van die "man". Wie is hierdie man wat Jakob in sy eensaamheid in die donker aanval?
- ✓ Het jy 'n verwagting dat God jou vandag in die erediens sal ontmoet?
- ✓ Is daar iets wat jy dalk moet neerlê om vandag ontvanklik te wees vir 'n ontmoeting met God? Raak stil en laat die Gees toe om jou gedagtes te lei.

***Maandag – Luister na God se Woord***

Lees ***Genesis 32: 22-31*** en ***Romeine 9: 1-5***.

- ✓ Vers 24 laat die moontlikheid dat Esau Jakob aangeval het, asof Esau gewag het vir Jakob om sy familie en besittings vooruit te stuur. Die gestoei tussen die twee verdiep die geheimsinnige omstandighede van die gebeurtenis. Nie een karakter kry die oorhand nie. Die onbekende karakter het die liggaamlike vermoë om Jakob te beseer, maar oorwin Jakob nie. Wat ontdek jy in die verhaal?
- ✓ Paulus sê sy gewete word gelei deur die Heilige Gees. Wat bedoel hy hiermee? Kan jy dit ook van jouself sê.
- ✓ Is daar gevoelens wat jy kan laat gaan sodat dit jou nie so ontstig nie?
- ✓ Oordink vers 4. Wat beteken dit vir jou dat God by jou is?

***Dinsdag – Luister na mekaar***

- ✓ Koninkrykstyd herinner ons aan God se heerskappy en ons onwillige dissipelskap. God het ons gemaak om vry te wees. Dink oor die betekenis van die woord "vryheid" in jou lewe.

Lees ***Genesis 32: 22-31*** en ***Romeine 9: 1-5*** aandagtig deur.

- ✓ In die Jakob-verhaal wil die vreemdeling teen dagbreek vertrek, maar Jakob wil hom nie toelaat nie. As die vreemdeling God was, hoe laat God dan toe dat 'n mens met Hom gelykspeel? Hier handel God blykbaar anders as wat ons verwag. Hoe dink jy oor God se koningskap?
- ✓ Wat val jou op in die gedeeltes? Ervaar jy besorgdheid oor medegelowiges? Bekommer dit jou geloofsgemeenskap as broers en volksgenote nie erns maak met Jesus Christus nie?
- ✓ Dink oor maniere om by medegelowiges die dringendheid van hulle verhouding met God te versterk.
- ✓ Bid vir medegelowiges, vriende, familie of kennisse se verhouding met Jesus. Hoor hoe God jou wil gebruik om hulle lewe te beïnvloed.

### *Woensdag – Luister na ander en die tye*

✓ Stel jou in om die stem van mense buite die kerk te hoor. Veral in hulle soeke na Jesus se verlossing.

Lees ***Psalm 17: 3*** en ***Matteus 14: 13-21.***

✓ Die nood van mense rondom ons is soms verlammend. Hoor hoe spreek Jesus die nood aan: Jesus vra wat wel tot ons beskikking is!

✓ Jesus gebruik vier aksies om dit wat ons het, te gebruik:

- **Neem**: Ons moet wat ons het vir God gee.
- **Seën**: Ons moet toelaat dat God in beheer kom.
- **Breek**: Eers as iets nutteloos vir ons raak, raak dit bruikbaar vir God.
- **Gee**: Deurdat ons dit vir ander gee, word ons geseën.

✓ Hoe kan Jesus jou lewe neem, seën, breek en gee?

### *Donderdag – Luister weer na God se Woord*

✓ Dink na oor die afgelope week. Waar het jy God se werking gesien? Hoe het jy daarop reageer?

Lees ***Genesis 32: 22-31*** en ***Romeine 9: 1-5***.

✓ Een van ons geloofsgewoontes is die gebruik van simbole. So is die sakramente simbole om ons geloof te versterk. By die doop ontvang ons 'n nuwe identiteit in die Naam van die Vader, Seun en Heilige Gees. In die tweede deel van Jakob se dialoog met die onbekende karakter ontvang Jakob 'n nuwe naam, 'n nuwe identiteit. In die worsteling met God word hy "Israel".

✓ Paulus is betrokke in 'n *teologiese* debat. Hoe kan nie-Jode ook deel in die verbond wat God met Israel gesluit het?

✓ Paulus wil die leser help om te fokus op wat God besig is om te doen. Jode is deur God uitverkies. Dit is 'n geskenk van God. Nou het God ook besluit om deur Jesus Christus hierdie eiendomsreg uit te brei na "nie-Jode".

✓ So het Christus dit moontlik gemaak dat ons ook kan deel in sy ryke erfenis: As kinders wat aangeneem is, in 'n verbond wat gesluit word, met 'n belofte dat Hy vir ons sal sorg.

✓ Paulus help die lesers om hulle eie denke oor God opsy te skuif. Hulle moet besef God is tot veel meer in staat as wat ons dikwels dink.

✓ Na wie stuur God jou in jou omgewing, gemeente, dorp? Veral diegene wat dikwels uitgesluit is op grond van ras, geslag of kultuur.

✓ Watter grense verhinder dat die evangelie meer sigbaar word?

### *Vrydag – Fokus op wat God nou doen*

Lees ***Genesis 32: 22-31*** en ***Romeine 9: 1-5*** vir perspektief op die verband tussen Jakob, Christus en ons as volgelinge van Jesus.

✓ Paulus skryf in Romeine 9: 4-5: "Hulle is tog Israeliete; vir hulle het God as sy kinders aangeneem… hulle stam van die aartsvaders af, en uit hulle is die Christus as mens gebore-Hy wat God is, verhewe bo alles en lofwaardig vir ewig!"

✓ Lees vandag se koerant met die teks in gedagte. Dink oor die vraag: Wat is God besig om rondom ons (gesin/dorp/land/wêreld) te doen?

✓ Dink oor gawes, talente en middele tot jou beskikking om by God aan te sluit. Hoe gehoorsaam is jy aan Matteus 14: 16 se opdrag. Laat toe dat God jou gewete deur sy Heilige Gees lei.

### *Saterdag-Antwoord met jou lewe*

✓ Jesus het gereeld 'n stil plek opgesoek om alleen te wees. Kry jou "stil plek" en lees ***Psalm 17*** wagtend op die Here.

Lees ***Genesis 32: 22-31*** en ***Romeine 9: 1-5.***

✓ Bel van jou vriende of vriendinne en reel 'n gesprek. Deel met hulle wat jy hierdie week van die Here in sy Woord gehoor het. Deel ook wat God tans besig is om rondom julle te doen.

✓ Ons het geloofsdissiplines wat kommunikasie met God fasiliteer: gebed, meditasie, Bybelstudie, afsondering en stilte. Dit is middele wat ons verhouding met God versterk. Genesis beskryf 'n dialoog tussen Jakob en die onbekende karakter. Jakob onderhandel vir seën voordat hy die vreemdeling laat gaan. Ons weet nog nie wie die karakter is nie. Later word dit wel bekend. Het jy al met God onderhandel vir 'n spesifieke uitkoms?

✓ Beplan saam oor hoe julle 'n verskil kan maak in mense se lewe. Dink aan mense wat alleen of siek is, honger, geestelik arm, uitgesluit voel, of worsteling ervaar.

✓ Bid vir oop harte om aan te sluit waar God reeds werk.

**2 – 8 Augustus 2020**
**Bybelstudie: Genesis 32: 22-31**
**Volgende week:** *Genesis 37: 1-4, 12-28*

[22]Die nag het hy opgestaan en sy twee vrouens en sy twee persoonlike slavinne en sy elf kinders gevat en deur Jabbokdrif gegaan. [23]Nadat hy hulle deur die rivier gevat het, het hy ook alles wat hy besit, laat deurgaan. [24]Jakob het alleen daar agtergebly, en ’n man het tot dagbreek met hom gestoei. [25]Toe die man agterkom dat hy nie vir Jakob kan wen nie, het die man, terwyl hy met hom stoei, vir Jakob teen die heup geslaan sodat dit uit die potjie gespring het. [26]Die man het vir Jakob gesê: “Los my, want die dag breek.” Jakob het geantwoord: “Ek sal jou net los as jy my seën.” [27]Toe vra die man: “Wat is jou naam?” en hy antwoord: “Jakob.” [28]Die man het gesê: “Jy sal nie meer Jakob genoem word nie, maar Israel (om te worstel met God) , want jy het teen God en teen mense ’n stryd gevoer en jy het dit end-uit volgehou.” [29]Toe sê Jakob: “Sê my tog jou naam,” en die man vra: “Waarom vra jy my naam?” Hy het vir Jakob net daar geseën, [30]en Jakob het die plek Pniël genoem, “want,” het hy gesê, “ek het God van aangesig tot aangesig gesien en tog het ek nie omgekom nie.” [31]Net toe Jakob by Pniël verbygaan, het die son opgekom. Jakob het mank gebly aan sy heup, [32]en daarom eet die Israeliete tot nou toe nie die senuweebondel wat aan die heup vaskom nie, want die man het vir Jakob teen sy heup geslaan, op die heupsenuwee.

In Genesis 32: 22-32 lees ons die geheimsinnige verhaal van Jakob se worsteling met ’n man by die Jabbok-rivier. Dit is belangrik om hierdie gedeelte binne die konteks van die breër Jakob-vertelling in Genesis te plaas. Reeds van vroeg af blyk dit dat Jakob sy naam gestand doen. Hy is van jongs af ’n geslepe opportunis.

Ons kan maar net dink aan die episode waar hy die moeë Esau se eersgeboortereg met ’n pot lensiesop verkry het. Of hoe hy bo Esau die seën van sy vader Isak verkry deur met ’n bokvel oor sy arms hom as die harige Esau voor te doen. Nadat hy hieroor uit vrees weggevlug het, het hy by sy oom Laban beland. Jakob moes toe veertien jaar in plaas van sewe jaar vir sy geliefde Ragel werk. Jakob laat hom egter nie van stryk bring nie en reël sake so dat sy rykdom vermeerder. Hierna verlaat hy Laban sonder sy toestemming.

In Genesis 32 lees ons van Jakob se terugkeer na sy land toe. Die terugkeer behels egter ’n weerontmoeting met sy broer Esau. Dit is iets wat Jakob – sekerlik met goeie rede – vrees. Jakob stuur boodskappers vooruit en hulle keer terug met die boodskap dat Esau met 400 man op pad is na hom toe. Met die hoor van hierdie nuus het Jakob bang geword. Hy het tot God gebid.

Uit die hele vertelling in Genesis 32 is dit duidelik dat dinge opbou na ’n spanningspunt. Vir Jakob het die oomblik van waarheid aangebreek. Dit lyk asof sy verlede en skuld hom ingehaal het. Nadat hy sy planne vir oulaas gemaak het om Esau se guns te verkry, en sy vrouens, kinders, slavinne en besittings deur die rivier gevat het, het hy alleen in die nag by die Jabbok-drif agtergebly en regdeur die nag met ’n man gestoei.

Met die lees van Genesis 32 beur die vraag na vore met wie Jakob nou eintlik worstel. Wat is die identiteit van die een wat in die teks bloot ’n ‘man’ genoem word?

In die verhaal lees ons nie veel oor die besonderhede van die worsteling nie. As Jakob se teenstander sien dat hy nie die oorhand kan kry nie, “raak” hy Jakob se heupsening aan sodat sy heup uit potjie raak. Die ongewone werkwoord suggereer reeds dat die teenstander geen gewone mens is nie.

In plaas daarvan dat hy ’n seën ontvang, word daar na sy naam gevra. In die kulture van die Ou-Nabye-Ooste en sommige ook nog vandag, is die naam van ’n persoon die

beskrywing van sy aard, sy identiteit.  Dit was in die besonder waar van Jakob, naamlik bedrieër (Gen 27: 36).  Verder was dit die beskouing dat as jy iemand se naam ken jy in ’n sin beheer oor die persoon kry.  Jakob word dus gevra om hom geheel en al te ontbloot, sy eie karakter te verklaar, eintlik oor te gee.  Die teenstander oorrompel hom egter nie, maar gee hom ’n nuwe naam.  Dit is net ’n meerdere wat iemand se naam kan verander.  Hiermee begin die verteller al prysgee dat die man meer as net ’n mens is.

Dat Jakob hierna ook die teenstander se naam vra, suggereer dat hy steeds nie die teenstander as God herken het nie.  Dit is eers in die naamgewing van die plek, Pniël, en die verklaring daarvan (32: 30), dat Jakob besef dat dit God was.  Die feit dat die teenstander nie sy naam bekend maak nie, suggereer dat dit God is.  Hierop ontvang Jakob dan in die verhaal ’n ongespesifiseerde seën.  Wat Jakob se ervaring en verstaan van die situasie ook al was, is dit in die vertelling dat die identiteit van die “man” subtiel gesuggereer word.

Die verteller wil deur die herhaalde gebruik van die woord (Hebreeus, *ŝem*) klem lê op die feit dat die “naam” in die verhaal van besondere betekenis is.  Jakob, die bedrieër, ontvang ’n nuwe erenaam: Israel.  Die verklaring van die naam wat in Gen 32: 28 gegee word, bring dit in verband met die gebeure by die Jabbok.  Die werkwoord vir “stryd voer” (NAV; Hebreeus, *srh*) wat gebruik word en verband hou met die naam Israel, kom net hier en in Hosea 12: 4 (vgl. 12: 3-6) voor.  Die belangrike is dat die hoorders verstaan dat nie alleen Jakob hier ’n nuwe naam ontvang nie, maar dat dit hulle naam is wat hieruit kom.

Jakob noem die plek Pniël met die verklaring dat hy God “van aangesig (Hebreeus, *panim*) tot aangesig” gesien het.  Hiermee word ’n verklaring vir die oorsprong van die naam van die latere Noord-Israelitiese heiligdom gegee (1 Kon.  12: 25, 32).  Hierdie “fisieke” ontmoeting met God word as uitsonderlik beskryf (vlgs. Eks 33: 18-20, Jes. 6: 5).  Hiermee word die “man” finaal as God geïdentifiseer.

**Bronnelys**


- Hamilton, V (NICOT);
- Von Rad, G (Old Testament Library);
- Sarna, N M (JPS Torah Commentaries);
- Van Selms, A (POT);
- Wenham, G J (Word);
- Gillingham, S, **The Image, the Depths and the Surface**;
- Niditch, S Chaos to Cosmos: **Studies in Biblical Patterns of Creation**;
- Trible, P **God and the Rhetoric of Sexuality**;
- Van Wolde, E **Stories of the beginning**.
- **Bergpad deur die Bybel**.
- **Bybellennium**
- **Die Bybel Verklaar**

**2 – 8 Augustus 2020**
**Kleingroep**
**Familie van God...**
**Genesis 32: 22-31** en
**Romeine 9: 1-5**

**1 Jesus Leef en ons met Hom**

Aankoms, verwelkoming *en verversings*.

**Ysbreker**

Hoeveel uit 10 sal jy jou week gee en hoekom?
Waarvoor is jy dankbaar?
Wat was vir jou moeilik?

- Vertel van die familie waarin jy groot geword het. Waar pas jy in, ouderdomme, beroepe, waar is hulle nou ens.
- Vertel van 'n keer toe iemand na aan jou weggegaan het. Wat was die omstandighede? Hoe het jy gevoel?

**2. Kontak met God**

Neem paar oomblikke. Raak stil en rustig. Haal diep asem. Lees **Psalm 17: 1-6**. Dink in stilte aan 'n keer toe jy tot God "geroep" het en Hy jou geantwoord het.

- Wat was die omstandighede; wat het gebeur; wat was die antwoord?
- Deel dit met die groep as jy wil.

Deel enige gebedsverhoring of Godservarings sedert julle mekaar laas gesien het.
Dit gaan oor die vraag: Hoe / waar het jy die afgelope week vir God beleef? Dank God daarvoor.

**3. Kontak met die Woord**

Bid dat die Gees die teks vir julle sal oopbreek. Lees nou die week se fokusteks.
Noem die dinge in die teks wat jou aangespreek of laat wonder het.

**Gesels oor die volgende:**

- Wat dink julle is die kwessie waarmee Paulus in hierdie gedeelte worstel? Hoekom is hy so hartseer?
- Paulus is hartseer omdat die Jode sukkel om Jesus te aanvaar. Hoekom dink julle sukkel hulle daarmee? Wat is vandag redes hoekom sommige mense daarmee sukkel?
- Wat is die voordele wat die volk het as familie van God? (kyk na verse 4-5)
  - Wat is die betekenis hiervan?
- God se volk sluit ons ook in, nie net die Jode nie. Bogenoemde voordele is dus ook op ons van toepassing. Wat beteken dit vir jou?
- Paulus het duidelik 'n baie groot liefde vir die Jode. Wat kan ons hieruit leer? Veral in terme van ons interaksie met ander mense.
  - Paulus sluit af met 'n lofbetuiging. *Dink oor wat God vir jou beteken en skryf jou eie lofbetuiging. Deel dit met die groep.*

**4. Bedien mekaar:** Dank God vir die opstanding en die hoop wat dit gee. Vra dat Hy julle sal help om opstandingslewens te lei.

Dit sal goed wees as julle 'n gebedsjoernaal kan begin waarin julle gebedsversoeke kan neerskryf.

Deel enige gebedsverhoring of Godservarings sedert julle mekaar laas gesien het.
Is daar enige iets waarvoor die groep vir jou kan bid?

Dank God vir Sy seën in jou lewe.

**Pitkos:**

Die Jakob-verhaal in Genesis laat jou wonder oor die vraag: Kan God nog met sulke mense voortgaan in sy plan om ’n gebroke wêreld deur liefde terug te wen? Jakob se stryd was geen geloofstryd soos dié van Abraham nie. Dit was eerder ’n mengsel van wanhoop en vertroue en gee so uitdrukking aan die stryd van so baie gelowiges ná Jakob. Dit was wanhoop as gevolg van sy eie verkeerde dade en oordeelsfoute, en dit was vertroue op God se ewige liefde en trou. Dit was ’n vasklem aan God ten spyte van eie sondes. En omdat Jakob na God toe gevlug het ten spyte van sy eie skuld, het God hom vergewe en hom uit sy nood gered. So het Jakob God “gesien” (Gen. 32: 30), God self ontmoet. Volgens die opvattings van destyds moes hy dadelik gesterf het. Maar, gedruk deur die spanning van die komende gevaar en gekwel deur die verwyt oor die verlede, het die ontmoeting met God hom op ’n ander manier laat sterwe: aan sy ou self, want wanneer ’n mens God ontmoet, kan jy nie meer dieselfde bly nie. Die litteken wat hy van nou af moes dra, sou hom sy lewe lank hieraan herinner.

**Nabetragting** (Aanvullende vrae indien julle groep nog tyd het na die bespreking)

- ✓ Noem die hoofgedagtes van die preek? Wat het julle opgeval?
- ✓ Was daar enige oomblikke waar God iets vir jou verhelder het of waarmee jy uitgedaag of ontwrig is?
- ✓ Wat dink julle was die hoofgedagte? Kan julle dit in een sin opsom